Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
21 Oktober 2018

Eredienste vandag

08:30 & 10:30	**Petrus Grové**
Teks:	Mat 5:3-12 Joh 7:37-39
Tema:	Jy is 'n oase
18:30	**Jaco Kruger**
Teks:	1 Petrus 2:1-10
Tema:	"Kom in die spasie"

- **NAGMAAL** word VANDAG bedien by al die eredienste.
- Die **DOOP** word op 4 November by die oggend eredienste bedien.
- **PREEKROOSTER:**

Datum	09:00	18:00
28 Okt	Paul	TD Masau
Datum	**08:30 en 10:30**	**18:30**
4 Nov	Rassie	Peet

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING VIR:

- Renske Marais wat Donderdag 'n knie operasie ondergaan.
- Johan Prinsloo wat Donderdag 'n prosedure ondergaan.
- Johané Jansen wat 'n kaak operasie ondergaan het.
- Dirk van Rooy, Coetzee van Rooy en Elizma Duvenage wat hul ouma aan die dood afgestaan het.

ONS IS BLY SAAM MET:

- Kobus en Jeanne Roux wat hul eerste kleinkind ryker geword het.

Die volgende persone word **ter approbasie as ouderlinge** aan die gemeente voorgehou. Indien geen beswaar aangeteken word nie, en hulle die roeping opvolg, sal hulle op 18 Nov. bevestig word:
Pieter van der Walt, Mark Daniël, Henricus Verhoef, Maurits Pretorius.

Kleuterkerk, Laerskool- & Hoërskoolkleingroepe

- **Kleuterkerk 3-6 jariges: 08:30** in die Kleuterlokaal (sitkamer van die Jeugkantoor).
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6): 09:30** in hul onderskeie lokale.
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12): 18:30** in hul onderskeie lokale.

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00. Rassie gesels oor Nehemia 13.
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- Ondersteun die **Borg-'n-Bybelprojek**. Neem asb. 'n leë houertjie in die saal.
- **Laerskoolkleingroepe** het op 11 Nov. 'N R5-muntlegging om die Borg-'n-Bybelprojek te ondersteun

Kaartjies vir Rockwood Theatre (Sunrise Fondsinsameling) is tussen die eredienste in die saal beskikbaar.

Koekverkoping VANDAG tussen die oggend eredienste in die amfi om getraumatiseerde en gestremde volwassenes te ondersteun. Kontakpersoon Annemarie Schoeman 0826013526.

Hoender- en biefburgers
@ R30 op 2 Nov. 17:30 tot 18:30
G015 neem op vandag en 28 Okt. bestellings tussen eredienste in die saal. Fondse word aangewend vir **kospakkies** en **kersete** aan 100 gesinne van Danville. **Kontant** skenkings ook welkom. Helene Tollig 0839477835

Klassis Hervormingsdiens 28 Oktober
18:00 - 19:30 te Wapadrant
Kerkgebou olv Derick Mashau.

El-pida hou op 27 Oktober **rommelverkoping.** Bring asb enige items wat u van ontslae wil raak Ons soek veral klere, linne en gordyne. Kontak Johanna Hellberg (0732955848) of gee dit direk by El-pida af.

Bestelling GKSA Almanak 2019
Skryf jou naam, van en kontaknommer op 'n koevert, sit **R84** in koevert en plaas in liefdegawesakkie.
Bestellings sluit 28 Oktober 2018.

WAPADRANT GEMEENTE
'N FEESSONDAG GEVUL MET:
GESAMENTLIKE EREDIENS 9:00
Vanaf 10:00 tot laat
Feestelike kosstalletjies
Pret vir die kinders
Musiek en Saamwees!
SONDAG 2 DESEMBER 2018
Die bediening van die doop verskuif na 9 Des

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie (vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir verdienstelike Sake Buite Gemeente:** Neem-en-Deel Bybelprojek.